



## Toeskouers

Teken in om 'n skakel na blitspos te ontvang

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk [www.nhka.org](http://www.nhka.org)

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

**Toe Jesus weggelei is na Golgota, was Hy so swak dat Hy skaars sy eie kruis kon dra. Niemand het aangebied om dit vir Hom te doen nie.**

Telkens as ek die kruisverhaal lees, wonder ek: Waar was die verlamde man wat Jesus by die bad van Betesda genees het? Waar is die skare wat wonderbaarlik gevoed was? Waar was sy dissipels? Waar was Johannes en Jakobus wat gevra het om in sy Koninkryk aan sy regter- en linkerhand te mag sit? Hulle het almal aan sy lippe gehang, maar niemand was bereid om in die vernedering en pyn van sy kruisdood te deel nie. Toe sy krag Hom begewe het, was daar niemand wat uit die skare vorentoe getree en gesê het *Laat my toe om jou bietjie te help* nie. Niemand.

Die enigste skynbare ligpunt in hierdie donker, eensame verhaal van Jesus was die vroue van Jerusalem wat volgens Lukas 23: 28 weemoedig oor Jesus gehuil het. *Darem iemand aan sy kant*, het ek myself altyd getroos. Totdat ek iewers lees dat hierdie vroue se motiewe toe nie so opreg en edel was nie. Hulle was betaal om te huil. Dit was hul brood en botter. Hulle was nie spesiale vriendinne van Jesus nie, maar klaagvroue. As iemand oorlede is, is hierdie vroue in die ou Ooste dikwels ingeroep om luidkeels te kla en te ween. Hulle het bloot hul werk gedoen. Teen betaling het die trane gevloei.

'n Onwillige Simon van Sirene word deur die Romeinse soldate uit die skare nader gehark om Jesus se kruis te dra. 'n Vreemdeling, iemand wat gedwing word om die eensame Jesus se pyn te verlig.

Die kruisverhaal roep na die woorde van Jesus aan sy dissipels: *As iemand My wil navolg, moet hy homself verloën, en elke dag sy kruis opneem en My volg; want wie sy lewe wil red, sal dit verloor, maar wie sy lewe ter wille van My verloor, sal dit red. Want wat help dit 'n mens as hy die hele wêreld as wins bekom het, maar homself verloor of skade aangedoen het?* (Luk 9: 23-25, AFR2020).

Jesus se eensame kruisdra ruk my keer op keer aan die hart. Dalk omdat hierdie verhaal net te naby aan die been sny. Dalk omdat ek myself herken in die toeskouers wat nie een bereid was om ons Here se kruis te dra nie. Keer op keer gee die Here vir my uitkoms, soos vir die man by die bad van Betesda. En dan? Waar is die dankie, my lewe van dankbaarheid? Keer op keer belowe ek soos die dissipels om Hom te volg, selfs wanneer dinge in my lewe nie alte rooskleurig is nie. Wanneer die donker wolke kom, vergeet hierdie dissipel haar mooi voornemens. Keer op keer is ek ook 'n toeskouer, onaangeraak deur God se liefde en deernis, te bang om betrokke te raak. En soms huil ek soos die roubeklaers, gee voor, doen alles wat van 'n Christen verwag word, maar die hart en oorgawe ontbreek.

*Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie.* Mag God ons ons toeskouer-wees vergewe. Die aangrypende verhaal van Jesus se kruispad inspireer ons om woord-en-daad-getuies te wees van sy sterwenswoorde: *Vader, in u hande gee Ek my gees oor.*

Dr Sanrie de Beer  
Philadelphia/Bybelgenootskap

## Lief en leed



Ds Giel en Edith Malan

- **Ds MD (Giel) Malan** van Wonderboompoort en sy vrou, Edith, is met Covid-19 in die Moot-hospitaal opgeneem. Ds Giel was aan die begin van die week steeds in die intensiewesorgeenheid en gekoppel aan 'n suurstofmasjien – die virus het sy longe beskadig. Edith is ook nog in die hospitaal, en hul dogter, Michelle, se afsondering is verby. Sy het nie eens beseft dat sy Covid-19 opgedoen het nie! Ons bid die gesin sterkte toe, en algehele herstel vir ds Giel en sy vrou.

- **Ds RTI (Robby) Pienaar** van Gemeente Ogies se emeritaataanvaarding het Sondag 28 Maart by die gemeente plaasgevind. Ds Colin Hertzog het namens die Kommissie van die AKV die akte van emeritaat aan ds Robby oorhandig. Vier van ds Robby se klasmaats wat saam met hom aan die einde van 1979 gelegitimeer is, het die geleentheid bygewoon. **Op die foto** verskyn kloksgewys van links agter ds Robby, dr Piet Steenkamp, ds Jan de Wet, ds Frikkie Viljoen en prof Natie van Wyk.



Ds Lisa-Mari Prinsloo

- **Ds L (Lisa-Mari) Prinsloo** van Sasolburg-Suid het 'n Honneursgraad in Sielkunde met lof verwerf aan Unisa. Baie geluk!

- **Mnr Jurie Duvenage** laat weet uit Skotland: “Ek wil net weer baie dankie sê vir die pragtige boodskappe en erediensie Sondae op YouTube. My ma, **Lily Duvenage** (91), kyk elke Sondag vanuit Skotland na die dienste vanuit Pretoria. Ongelukkig het haar gemeente in Hermanus nie die vermoë om so 'n diens aan te bied nie. Sy sing kliphard saam – die arme Skotte weet nie wat aangaan nie! My ma het sowat twee jaar gelede kom kuier vanaf Kaapstad, maar kon ongelukkig nie terugkeer nie. Sy het demensie ontwikkel en die dokters hier het bepaal dat sy nie kan terugvlieg nie. Sy is nou in 'n sorgeenheid in Ardrossan aan die Weskus, en ongelukkig is die demensie nou baie ver gevorder.”



Mev Lily Duvenage

- **Die volgende predikante verjaar tot 9 April 2021, en word hartlik geluk gewens:**

- Dinsdag 30 Maart: Ds TF (Thomas) Dreyer (68) (emeritus)
- Donderdag 1 April: Ds A (Annalize) Rossouw-Lombard (34) (Dora Theo Gemeente Kimberley)
- Vrydag 2 April: Prof AB (Ananda) Geysler-Fouché (49) (UP/Philadelphia) en ds L (Leanie) Lemmer (33) (buiteland)
- Saterdag 3 April: Ds D (David) Barnard (57) (Magaliesmoot)
- Sondag 4 April: Di GS (Stephan) Botha (52) (Groot Marico) en AS (Armandt) Botha (28) (Groeneweide)
- Maandag 5 April: Dr T (Tanya) van Wyk (40) (UP/Nederlandssprekende Gemeente)
- Dinsdag 6 April: Ds TH (Theo) Janse van Nieuwenhuizen (72) (emeritus)
- Woensdag 7 April: Ds FJ (Frans) Redelinghuys (64) (Sasolburg)
- Donderdag 8 April: Ds J (Joha-Lize) Uys (30) (beroepafwagting)

## Gemeentes en bediening

- **Ds R (Rue) Hopley** van Pretoria-Oos (deeltyds) het die beroep na Pretoria-Oos (deeltyds) aanvaar.

- **Gemeente Welgelegen-Pietersburg** benodig die dienste van 'n dinamiese **orrelis**. Bo en behalwe orrelspel tydens erediensie sal ook van die persoon verwag word om 'n wesenlike impak en 'n skeppende bydrae te lewer tot uitbreiding van die gemeente se musiekbediening. Aansoeke, vergesel van 'n verkorte CV, moet gerig word aan die skriba, NHKA Gemeente Welgelegen-Pietersburg, by [george.marais@fineandcountry.com](mailto:george.marais@fineandcountry.com). Oudl George Marais kan gekontak word by 083 300 0554.



Ds Rue Hopley

- **Vakante werkrumte vir die samewerkende kerke in Harare.** Die NHKA en die NGK in Harare funksioneer sedert 2019 as een gemeente. Dit is 'n tipies stedelike gemeente en bestaan hoofsaaklik uit ouer persone. Daar is ook lidmate wat buite die stedelike gebied woon. Die **vastetermynpos vir drie jaar** kan met wedersydse instemming verleng word. Aansoeke word ingewag van 'n **tweetalige predikant** wat gelegitimer is in die Hervormde Kerk of die NG Kerk (eredienste word om die beurt in Afrikaans en Engels gelei). Aangesien die skoolopleiding in Zimbabwe geweldig duur is, moet predikante verkieslik nie skoolgaande afhanklikes hê nie.

Die **vergoedingspakket** beloop 'n leefbare inkomste in Zimbabwe, plus gratis verblyf in 'n gemeubeleerde pastorie (insluitende sekuriteit, telefoon, data, water, ligte en 'n bediende) en gratis gebruik van 'n gemeentevoertuig.

**Aansoeke** moet vergesel wees van 'n verkorte CV met vermelding van die kontakbesonderhede van twee referente, en moet gestuur word aan [njssteenekamp@gmail.com](mailto:njssteenekamp@gmail.com). Vir meer inligting, kontak die konsulent van die Hervormde Kerk, ds Nicolaas Steenekamp, by 073 279 3315 (RSA); of NHKA oudl Rinus Grau by +263 71 261 1536; of NGK oudl Deon Theron by +263 77 224 6233.

## Beplande vergaderings

- Dinsdag 6 April: Buitengewone vergadering: Kommissie van die AKV
- Woensdag 7 April: Buitengewone vergadering: Kommissie van die AKV

## Kerklke publikasies

- **André D le Roux (adv)** skryf op 27 Maart 2021: “Ek dien as diaken op die Kerkraad van die Nederduitsch Hervormde Gemeente te Bronkhorstspruit. Met verwysing na die **Bybelse Dagboek** se insetsel vir **22 Augustus 2020**, het ek die aanvangsin ietwat vreemd gevind, vir soverre die Hugenote vervolg sou wees bloot omdat hulle Christen-gelowiges was. Natuurlik was hulle verdruk vanweë hulle handhawing van die Protestantse leerstellings per se... Soos die stelling tans daar uitsien, is dit uiteraard misleidend en skadelik, en omdat dit gesaghebbend voordoet, meen ek met respek, dat regstelling noodsaaklik is. Miskien is die hoofoorweging dat ons jongmense en veral kinders, maar ook vele ander, nie oor genoegsame kennis of insig oor die Europese geskiedenis beskik nie. Die wanindruk wat geskep word, is dus uitermate verreikend en ingrypend.”

Die betrokke sin is gevolglik op die Kerk se webblad [www.nhka.org](http://www.nhka.org) gewysig om te lees: “Op 23 Augustus dink ons terug aan die Franse Hugenote wat as gevolg van die handhawing van hul Protestantse leerstellings vervolg is, asook alle gelowiges wat vervolg is en moes ly ter wille van hul geloof in Jesus Christus.”

## 'n Bybelse tydlyn

Brei jou Bybelkennis uit  
Ideaal vir kategese

3 x A2-glansplakkate  
Soos in *Die Hervormer* van  
April, Mei en Junie 2020

Kry die kunswerke op die NHKA  
se webblad en laat druk plaaslik

Klik [hier](#) vir 42 MB-weergawe (hoëkwaliteitsdruk)

Klik [hier](#) vir 6,2 MB-weergawe (algemene gebruik)



## 'n Gedig

### Opstanding

Drie dae was daar duisternis . . . Alleen,  
in diep gelatenheid, soos in die sand  
'n suiwer saad wat wag op son en reën,  
het al sy sterflikheid stil weggebrand:

die swaar en traë slakke van die vlees,  
sy onrus, vrees, verwarring en waan,  
dat Hy, één met die Vader en die Gees,  
verheerlik in die lig weer op kan staan.

Die wagte kon in daardie gloed nie kyk.  
Die steen is afgewentel deur 'n wind  
wat uit vier hemelstreke op die aarde stryk  
dat dit vergruisel is tot stof en grint,

en soos uit diepe duisternis 'n vlam,  
staan hoog en rank en smetteloos die Lam!

### WEG Louw

(Uit: *Adam en ander gedigte*, 1944)

## Toerusting

- Tyd vir lees en stof tot nadenke vir preekmaak is min, daarom **subskripsiestof**, 'n platform wat jou as prediker kan help om meer tyd met jou gesin deur te bring. Subskripsiestof bied aan jou die geleentheid om **weekliks deurdagte relevante en aktuele preekstof** te ontvang. Indien jy hierin belangstel, vul asseblief jou besonderhede in en ontvang ook jou eerste preek gratis. Indien jy wonder of dit kan werk, toets hierdie eerste gratis preek in jou gemeente, en na aanleiding van die terugvoer, neem 'n besluit oor jou subskripsie.

Vir jou gratis preek, vul asseblief jou besonderhede in en ons sal die preek per e-pos vir jou aanstuur. Alle inligting word as vertroulik bestempel en sal met geen derde party, gemeente of persone gedeel word nie. Klik hier om die vorm te voltooi: <https://forms.gle/tNexyVWLGmMtPi6X6>

Hierdie is 'n projek van Gemeente Wapadrant (die Kerk).



## Barmhartigheid

- **VAKATURE: Sekretaris** by Rata Maatskaplike Dienste. Rata, wat al vir meer as 70 jaar maatskaplike dienste in vier provinsies lewer, benodig tans die dienste van 'n administratiewe persoon by hul Capital Park-kantoor. Die vereistes vir die pos is graad 12, 'n geldige bestuurslisensie en betroubare vervoer na die kantoor, tweetaligheid om aan die spesifieke behoeftes van die kantoor te voldoen, rekenaarvaardigheid en ervaring van boekhou en kleinkasbestuur, en die vermoë om streng vertroulikheid te handhaaf. Stuur aansoeke na [info@rata.org.za](mailto:info@rata.org.za).
- **Eenpersoonwoonstelle** beskikbaar by **Annie Schilz** teen R3 840 per maand (krag uitgesluit). Hierdie woonstelkompleks is geleë in 'n rustige omgewing naby hospitale en dokters. Dit is op dieselfde perseel as Ons Tuis Riviera. Verskeie dienste word gelewer teen billike tariewe. Vir meer inligting, kontak mnr Hennie van der Walt by 012 329 3707.
- **Machteld Postmus-behuisingskompleks vir bejaardes** in Brooklyn, Pretoria, het twee **tweeslaapkamer-woonregeenhede** beskikbaar by Frans Boshoff: Woonstel 3 teen R485 000 en Woonstel 16 teen R439 000. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x216 vir meer inligting.
- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.
- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuse vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.
- **Seniordal-aftreeoord**  
Kieserstraat 126, Rietondale  
Een enkelwoonstel te koop teen R510 000  
Een eenslaapkamerwoonstel te koop teen R515 000  
Een 1½-slaapkamerwoonstel te koop teen R520 000  
Een tweeslaapkamerwoonstel te koop teen R560 000  
Een tweeslaapkamerwoonstel te huur teen R6 500 per maand  
Navrae: Beulah du Plessis by 082 847 9544  
[Seniordalpta@gmail.com](mailto:Seniordalpta@gmail.com)



## Fondsinsamelings

- **Gemeente Oos-Londen: Word 'n affiliaal van Nguni Gifts**  
Verdien 2- to 7%-kommissie  
Befonds jul gemeente se bediening deur verwysings  
Stuur 'n e-pos of WhatsApp-boodskap om jul gemeente aan te sluit  
[larry@nguni-gifts.co.za](mailto:larry@nguni-gifts.co.za)  
WhatsApp 072 020 8911

### Betaalde advertensies in hierdie nuusbrieff

**Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrieff geplaas word. (Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.)** Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na [produksie@nhk.co.za](mailto:produksie@nhk.co.za). GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Maandag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg die Woensdagoggend afgehandel en teen die middag op die webblad gelaai. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasinge.

**Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit).** Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

### Lied vir Paasfees

Daar klink 'n lied, daar juig 'n stem,  
dit klink oor heel Jerusalem.  
'n Helder nuwe dag breek aan –  
die Seun van God het opgestaan.

Geen graf se donker kon Hom hou,  
Hy is oorwinnaar oor ons rou,  
want Hy staan op beklee met mag.  
Hy het die dood oorwin met mag.

Die dood is dood, ons vrees nie meer,  
ons lewe saam met Christus, Heer;  
wie in geloof op Hom vertrou,  
sal ook sy heerlikheid aanskou.

**(Elsabé Kloppers,**  
Gesang 420,  
Liedboek van die Kerk)

## Gebed vir Paasfees

Oorwinnende Here, vandag vier ek Paasfees:  
Opstanding-Sondag.  
My hart is vol vreugde en hoop,  
as gevolg van wat hierdie dag verteenwoordig.  
Paasfees herdenk die dag waarop U, Lig van alle lig,  
met ongelooflike krag uit die graf opgestaan  
en die sonde en dood oorwin het.  
Die helderste lig en pragtigste musiek  
kan nie begin vergelyk met wat U,  
die Son van Geregtigheid,  
daardie dag gedoen het nie.  
Wat 'n wonderlike ommekeer  
van daardie allerdonkerste Vrydag  
wat ons twee dae gelede so somber herdenk het.  
Op daardie dag,  
toe 'n onbeweeglike klip die plek verseël het  
waar U neergelê is,  
het alles hooploos gelyk.  
Maar die dood en die graf  
kon U eenvoudig nie gevange hou nie.

Ek onthou 'n klompie donker dae in my lewe  
toe ek gewonder het of daar ooit weer  
lig en hoop sal wees.  
Dit was dae wat my geloof en uithouvermoë getoets het.  
Maar Opstanding-Sondag, die uitroepteken van die Goeie Nuus,  
herinner my dat U oor die sonde en dood getriomfeer het.

Op hierdie wonderlike dag loof ek U –  
die Gewer van alle lewe.  
Die Gewer van nuwe lewe.  
Amen!

**Ellen Banks Elwell**  
(Uit: *Gebede vir elke geleentheid*,  
vertaal deur Gerda-Mari Zietsman,  
CUM 2019)